

Sing vooraf: Psalm 18:10 (p. 74)

- 1 Die HEER het my, trots hul geweld, / na my geregtigheid vergeld;
en na die reinheid van my hand / doen Hy sy woord aan my gestand.
Ek het nie, aan sy stem ontrou, / sy pad verlaat, aan hul gelyk,
wat goddelooslik af wou wyk, / maar het my aan sy spoor gehou.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 42:1, 5 (p. 214)

- | | |
|--|--|
| 1 Soos 'n hert in dorre streke
skreeuend dors na die genot
van die helder waterbeke,
skreeu my siel na U, o God!
Ja, my siel dors na die HEER,
na die Lewensbron; wanneer
sal 'k, ná swerftog en benouing,
God weer sien in klare^aanskouing? | 5 Maar die HEER sal in my lewe
weer oordag sy guns gebied.
Ook deur donker nag omgewe,
sing ek nog my pelgrimslid.
Ja, ek lofsing in die nag,
want ek bly die HEER verwag;
my gebed sal opwaarts strewe
na die bronwel van my lewe. |
|--|--|

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet dank ons God vir vergewing van ons sondes met Psalm 32:1.

Wet

Psalm 32:1 (p. 151)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe^en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Skrifberyming 2-2:3 (34:3 – wysie Psalm 68)

- 3 Die HEER is God, 'n eenige HEER; / die HEER is God, en niemand meer.
Erken dit, alle volke, / van waar die sonlig smôrens blink
tot waar dit in die purper sink / van sagdeurglansde wolke.
Die HEER is God, want Hy formeer / die dag en nag wat wend en keer
na sy verordeninge. / Hy bring die heil en onheil voort,
hul luister na sy almagswoord – / die HEER doen al die dinge.

Skriflesing: Romeine 12 en Efesiërs 5

Teks: Romeine 12:2

En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.

(Romeine 12:2 AFR1953)

Ons het in die vorige preke indringend geluister na die Bybel se siening van 'n hele aantal sondes en hulle gevolge. Ons het veral gehoor hoe die Here daarvoor voel.

- Deurentyd was daar die oproep deur die Heilige Gees dat ons Here Jesus Christus se versoening van ons verwag om nie aan enige sonde deel te neem nie: Hy het ons heilig gemaak deur sy bloed, en die leiding van sy Gees tot ons beskikking gestel.
- Waar ons dus skuldig staan ten opsigte van enige van hierdie sondes, is ons opgeroep tot berou en bekering.
- *Die Here gee van die sondeval af die versekering dat Hy volkome vergifnis van sondes gee waar daar berou en bekering is.*

Daarom is die woorde van ons teksvers so belangrik: Ons moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar ons moet God ons laat verander deur ons denke te vernuut.

- As ons dit doen, sal ons kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is (Romeine 12:2).

Let op die volgende twee sake wat uit hierdie Bybelgedeelte na vore kom:

1. Die gevaar

2. Die verandering

1. Die gevaar

In Romeine 12:2 kom daar 'n sterk kontras na vore. Twee wêrelde wat nie met mekaar versoenbaar is nie, word teenoor mekaar gestel.

- Die ware gelowige moet nie aan hierdie wêreld gelykvormig word nie.
- Dis baie belangrik om te sien wat die Here hier openbaar:
 - **Die wêreld sal nie kerk word nie.**
 - **Maar die kerk sal wel wêreld word.**
- Dis die gevaar, want as die gelowige 'n wêreldling word, dan bestaan die kerk fisies nie meer nie omdat die kerk en die wêreld dan in mekaar invloei.

Waarom staan hierdie waarskuwing so skerp geskryf?

- Omdat die duiwel die toekomstige bedeling vir die mens wil uitwis.
- Hy wil hê dat die gelowiges hulle lus en belangstelling in die hoop op Christus moet prysgee.

Daarmee probeer die duiwel om die koninkryk van God lam te lê in die geskiedenis, want die gelowiges is die burgers van God se koninkryk wat in hierdie bedeling die stryd vir die Here moet stry. Dit is waarom die gelowiges daarteen moet waak dat hulle nie deur die wêreld ingesluk word en daarmee vir die Here geneutraliseer word nie.

Die resep of werkmetode wat ons moet gebruik om anders te wees as die wêreld, sê die Here, is dat ons sy wil moet **beproof**, en dat ons onself moet **beproof**.

- In die Ou Testament word daar 'n ander woord gebruik as **beproof** om dieselfde saak mee aan te dui.
- Die woord wat die Ou Testament gebruik, is **verootmoedig**.

Die eerste keer waar ons dit raakloop, is waar die Here vir Farao 'n boodskap stuur.

- Moses en Aäron moes na Farao toe gaan en vir hom sê:

So spreek die HERE, die God van die Hebreërs: Hoe lank weier jy om jou voor My te verootmoedig? (Eksodus 10:3 AFR1953)

In die nuwe vertaling word heeltemal ander woorde gebruik, maar die betekenis is dieselfde.

So sê die HERE die God van die Hebreërs: Hoe lank gaan jy nog weier om jou aan My te onderwerp? (Eksodus 10:3 AFR1983)

Beproewing en onderwerping aan die Here is dieselfde ding.

Dink nou net vir 'n oomblik aan die geweldige erns van hierdie saak:

- As Farao die heiden hom voor die Here moet verootmoedig, hoeveel te meer moet ons dit nie doen nie!
- En as die Here hom vernietig het omdat hy nie wou nie, hoeveel te meer gaan die Here dit nie met ons doen wat deel is van sy nuwe verbondsvolk nie!

Daarom is die Heilige Gees se boodskap aan ons baie baie duidelik: Dit is presies wat ons ook moet doen!

- Ons moet ons voor die Here verootmoedig – ons moet ons elke dag aan die Here onderwerp.
- Ons moet in alles wat gebeur, die raad en beskikking van God erken.
- Daarby moet ons ons verset teen die Here bely.

Ons weet dat Farao hom nie voor die Here verootmoedig het nie. Let op wat dit in sy geval beteken:

- Hy het aan hierdie sondige wêreld gelyk gebly.
- Hy het hom nie deur God laat verander nie.

Daarom is sy denke nie vernuut nie. Hy het vasgevang bly sit in die gebruike en politiek van sy tyd.

- Dit is waarom hy nie kon onderskei wat die wil van God was nie.
- Hy het verhard gebly – en die noodwendige gevolge gedra.

Die Here gee in die Bybel sekere beginsels rondom verootmoediging waarvan ons moet kennis neem:

- Ons moet natuurlik nie onder die indruk wees dat verootmoediging of beproewing iets is wat net een keer in 'n mens se lewe gebeur nie.
- Die Bybel stel dit duidelik dat die beginsel is dat dit 'n vaste saak in 'n mens se lewe moet wees: *Elke mens moet homself voortdurend ondersoek en beproef.*

Ons kry hierdie beginsel in die Ou Testament waar die Here vaste verootmoedigingsdae ingestel het, en daarby gevoeg het dat hierdie verootmoediging 'n ewige insetting – 'n vaste instelling – moet wees (Levitikus 16:29, 31).

Julle moet dit as 'n vaste instelling handhaaf dat julle almal, die gebore Israeliete en die vreemdelinge wat by julle woon, moet vas en alle werk moet staak op die tiende dag van die sewende maand, (Levitikus 16:29 AFR83)

Dit moet 'n plegtige rusdag wees, 'n dag waarop julle vas, 'n vaste instelling. (Levitikus 16:31 AFR1983)

Die gebeurtenis waartydens hierdie inwendige ondersoek oor die verhouding tussen ons en die Here gebeur, is ook nie sommer net 'n gebeurtenis nie. Vir die Here is dit gewyd en heilig (Levitikus 23:27).

Op die tiende van die sewende maand is dit die versoendag. Julle moet dan 'n gewyde byeenkoms hou, en julle moet vas en aan die Here offers bring.

(Levitikus 23:27 AFR1983)

Die Here is so ernstig daaroor dat die gelowiges hulle saak met Hom moet regmaak en reg hou, dat Hy beveel het dat elke mens wat hom nie verootmoedig nie, uit sy volksgenote uitgeroei moet word. In die nuwe vertaling staan daar dat so 'n mens van sy volksgenote afgesny moet word (Levitikus 23:29).

Enigiemand wat nie vas op hierdie dag nie, moet van sy volksgenote afgesny word.

(Levitikus 23:29 AFR1983)

2. Die verandering

Die Here eis dat die verandering by die gelowiges weg van die wêreld af moet wees.

Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is”

(Romeine 12:2 AFR1983)

Dit klink na 'n bevel wat die Here gee wat so goed as onuitvoerbaar is, want watter mens gaan dit regkry om hierdie geweldige en radikale verandering in homself teweeg te bring?

- Wie gaan dit regkry om lynreg teen die sonde in meteens die dinge te doen wat God behaag?
- Maar tog is dit nie so onmoontlik nie, want u moet dit sien teen die agtergrond van iets wat in Romeine 12:1 staan. Daar staan iets baie belangriks.

En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdienst wat julle moet beoefen. (Romeine 12:1 AFR1983)

Die woorde **ontferminge/barmhartigheid van God** staan in die betrokke vers sterk uit.

- Die rede daarvoor is dat Paulus hier die genade van God as die beweeggrond stel vir die bekering of verandering wat by elke mens moet gebeur.
- Die genade van God is nie 'n nuwe saak nie. Hy ontferm Hom nog altyd oor die sondige mense.

Uit die Nuwe Testament leer ons die grootste genade:

- Die Here Jesus Christus word gebore om in ons wêreld as 'n mens God se reg te volbring.
- Hy sterf aan die kruis vir ons sondes, en stuur na sy opstanding die Heilige Gees terug na ons toe.

Een van die take wat die Heilige Gees uit genade in ons bewerk, is verandering.

- Ons noem dit bekering, maar dis verandering, want bekering is maar net 'n woord wat verandering na God toe beskryf.
- Dis die soort verandering wat by iemand plaasvind wat van die wêreld af teruggaan na God toe – soos ons teksvers dit beskryf.

Die wyse waarop dit gebeur, is dat ons ons liggame tot beskikking stel aan die Here.

- God verander ons self.
- Dit staan darem baie duidelik geskryf dat daardie deel nie deur ons behartig word nie.

Wat wil die Here hê?

- Die Here wil dus onder geen omstandighede iemand in sy kerkvolk hê wat nie bewus is van sy sondes nie.
- Hy wil hê dat die kerk haar sondes moet bely en met berou van hulle afstand doen.
- Die Here verdra net mense in sy kerkvolk wat hulle sonder enige voorbehoud biddend aan sy gesag onderwerp (vgl. 2 Kronieke 33:23; 2 Kronieke 36:12).

Verootmoediging is nie noodwendig 'n daad wat net van my af uitgaan nie. Daar is gevalle waar dit by die Here kan begin.

- Daar is so 'n geval opgeteken in Deuteronomium 8:3.
- Die Here skryf daar dat Hy gelowiges tot verootmoediging beweeg het deur hulle te laat swaarkry, te laat honger ly en toe met manna gevoed het.
- Die Here openbaar daar dat sy doel daarmee was dat hulle moes besef dat die mens nie net van brood leef nie, maar dat hy leef van elke woord wat uit die mond van God kom.

Verootmoediging het ook daarmee te doen dat ons – wanneer ons 'n bepaalde sonde gedoen het – tyd afsonder om die saak met die Here reg te maak.

- Ons lees dat Dawid dit gedoen het toe die Here vir hom laat weet het dat hy en Batseba se kindjie gaan sterf.
- Die Bybel verhaal dat Dawid tot God gebid het vir die kind.
 - Hy het hom verootmoedig deur aanhoudend te vas, hom terug te trek en die hele nag deur op die grond te lê (2 Samuel 12:16).
 - Hy het ook nie net daar op die grond gelê en niks gedoen nie. Hy het daardie nag so met God geworstel dat hy Psalm 51 en Psalm 32 geskryf het.

Verootmoediging beteken prakties dat mense wat teen die Here gesondig het, moet bid en die Here se Naam moet bely.

- Hulle moet hulle van hulle sonde bekeer en vra dat die Here hulle gebed sal verhoor (1 Konings 8:35).

As die hemel toegesluit bly, dat daar geen reën is nie, omdat hulle teen U gesondig het, maar hulle na hierdie plek toe bid en u Naam bely en van hulle sonde hul bekeer, omdat U hulle verootmoedig, (1 Konings 8:35 AFR1953)

- Ons lees byvoorbeeld dat Esra opgestaan het uit sy verootmoediging; en terwyl hy sy klere en sy mantel geskeur het, op sy knieë geval en sy hande in gebed uitgestrek het na die Here (9:5).

Wanneer ons ons so voor die Here verootmoedig, is dit vir die Here 'n baie ernstige saak. Agab het hom eenkeer voor die Here verootmoedig.

- Die Here het hierdie verootmoediging so gunstig beskou dat die Here Hom voorgeneem het dat Hy die ramp wat Hy oor Agab en sy geslag wou laat kom, nie tydens Agab se lewe sou laat gebeur nie.
- Die Here het besluit dat Hy die ramp tydens die bewind van sy seun oor sy familie sou bring. (1 Konings 21:29).
- Let op na die gesindheid van die Here oor hierdie uiters belangrike saak: Ons weet almal dat Agab goddeloos was, maar tog het die Here onmiddellik genade bewys toe hy hom verootmoedig het.

Die gevaar bestaan ook daarin dat die gelowiges wat in wêreldgelykvormigheid verval, nie kan onderskei tussen reg en verkeerd nie.

- Hulle ken dus nie die dinge wat by die Here reg is nie en doen dan self dinge wat vir die Here nie goed is nie.

- As u kyk na Romeine 6:13 sal u sien dat die woorde “stel tot beskikking” daar voorkom:
En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God. (Romeine 6:13 AFR1953)

In 2 Kronieke 7:14 het die Here vir die volk ook belowe dat Hy dadelik uit die hemel sal luister en hulle sonde vergewe en hulle land laat herstel as hulle hulle verootmoedig en berou betoon en bid en na die Here se wil vra. Daar is meer plekke in die Bybel waar die Here hierdie beginsel stel dat Hy dadelik seën en verlossing gee wanneer mense berou oor hulle sondes het (2 Kronieke 12:7; 2 Kronieke 32:26).

Vir ons Here Jesus was hierdie saak van verootmoediging net so belangrik.

- Hy eis byvoorbeeld dat elke lidmaat hom eers sal verootmoedig voordat hy Nagmaal vier. In 1 Korintiërs 11:28 kry ons die opdrag dat elkeen van ons wat Nagmaal toe kom, homself moet beproef en só van die brood eet en uit die beker drink.
- Ons moet onself eers ondersoek voor ons van die brood eet en uit die beker drink.

Die Here Jesus het ons belowe dat Hy 'n ander Trooster na ons toe sal terugstuur wanneer Hy weggegaan het hemel toe.

- Inderdaad is die Heilige Gees niemand anders as die Here Jesus en God die Vader nie, wat in sy alomteenwoordigheid by ons bly om ons in alle waarheid te leer en te lei.

Die praktiese gevolg van die leiding van die Heilige Gees oor ons wanneer ons wil Nagmaal gebruik, is dat Hy ons tot die insig sal bring dat ons nie aan hierdie wêreld gelykvormig sal wil word nie.

- Hy sal ons gemoed verander deur dit te vernuut sodat ons die insig en die wil sal hê om te kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.

Hoe sal ons weet wat die wil van God is? Ons soek die antwoord in sy openbaring – in sy Woord. Dan sal ons leer dat die Here van ons vra dat ons ons daarop moet toelê om ons tot beskikking van God te stel (2 Timoteus 2:15):

- Ons moet arbeiders wees wat die goedkeuring van God wegdra.
- Ons moet arbeiders wees wat ons nie vir ons werk nie hoef te skaam nie.
- Ons moet arbeiders wees wat die woord van die waarheid suiwer verkondig.

Kom ons lê ons in ons voorbereiding om die Heilige Nagmaal te vier op hierdie dinge toe.

- Ons maak tyd wat ons afsonder om ons saak van sonde, berou en belydenis biddend met God reg te maak.
- Dan kan ons met vrymoedigheid aan die tafel van die Here Jesus kom aansit en uit sy hand die tekens van die vergifnis van ons sondes ontvang.
- Dan kan ons met blydschap uitsien om toe te tree tot sy ewige, volmaakte koninkryk.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 146:1, 8 (p. 700)

1 Prys die HEER met blye galme,
o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme
vrolik toewy aan sy lof

8 Dis die God der leërmagte,
troue Bondsgod van weleer,
God van wordende geslagte,
tot in ewigheid die HEER.

en Hom, wat sy guns my bied,
altyd groot maak in my lied.

Sion, sing die God ter eer,
prys sy grootheid, loof die HEER!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 19 Augustus 2007 (oggend)

Enkele aanvullende gedagtes by die preek:

Jy doen die ding of jy doen dit nie, want dis jy wat jou liggaam beskikbaar stel of nie. As jy jou liggaam tot beskikking van die sonde stel, dan beteken dit natuurlik dat jy 'n bondgenootskap met die magte van die hel sluit teen God.

- Die teenoorgestelde is ook waar: as jy jou liggaam tot beskikking van God stel, dan beveg jy die magte van die hel.
- Die beskikbaarstelling van ons liggame tot eer van die Here beteken dus direkte stryd met en opposisie teen die wêreld en sy bestaande beginsels.
- Dit beteken dus ook hartseer en pyn wat jy gaan beleef, want in enige stryd kry jy seer.

Jy moet 'n lewende offer word. Dit staan sterk teenoor die offer van 'n dier: hy word doodgemaak, want sy bloed moes vooruitwys na die bloedstorting van die Here Jesus aan die kruis.

- Die offer wat jy bring wanneer jou hele lewe in diens van God gestel word, is dat jy jousef lewend aan God wy sodat die liefdesband tussen jou en die Here weer tot sy reg kom.
- Die feit dat Paulus hier skryf dat jy jou hele liggaam tot beskikking van God moet stel, is om daarmee uit te druk dat dit jou totale mens is wat in diens van die Here moet wees – jou liggaam en siel.

Ons moet navolgers van die Here Jesus Christus wees.

- Hy maak ons sy eiendom deur sy kruisdood sodat ons Hom kan dien met alles wat ons het – soos Hy Hom vir ons oorgegee het, met liggaam en siel.
- Hy het liggaamlik gely en geestelik baie wroegings deurgemaak, en uiteindelik gesterf sodat Hy ons kon red.
 - In hierdie styl moet ons onself ook aan God wy – totaal en volkome.
 - Op die manier waarop ons met mense omgaan, moet almal kan sien dat ons die liefde van die Here besit, en dit ook op ander mense oordra.

Op die manier waarop ons werk, moet almal kan sien dat ons die ywer van die Here het, en dat die verantwoordelikheid wat Hy deur die geloof in ons harte werk, ook na vore kom in die manier waarop ons ons dagtaak uitvoer.

- Die gevolg van die verandering wat in ons bewerk word wanneer ons ons liggame tot beskikking van die Here stel, is dat ons so vernuut word dat ons werklik nuttig word in ons diens aan die koninkryk van God.
- Dan is ons mense wat uit die sondedood wakker geword het, en wat leef met 'n styl wat ons aantreklik maak, en anders maak as die styl van die wêreld: mense wat geklee is in heerlikheid. Mense wat nie net die naam Christen dra nie, maar wat Christenwees soos 'n kleed om hulle saam met hulle dra.